

Rigters 4:1-7

Ek word wat ek besluit

Vier en Twintigste Sondag van Koninkrykstyding

Patrone, omkering en karakters - dit is drie woorde wat in my gedagtes vassteek nadat ek Rigters 4 gelees en begin oordink het. Ek wonder waaraan jy dink as jy die woord "patroon" hoor? Ek is nogal verbaas oor alles wat in my gedagtes opkom:

- Die patrone wat my ma uitgeknipt het om vir my susters klere te maak toe ons kinders was
- Die R1 geweer se patrone wat ons gebruik het vir skietoefeninge toe ek destyds my militêre diensplig hier naby in Youngsfield gedoen het.
- Die aanvals- en verdedigingspatrone wat ons tot vervelens toe moes oefen voor groot rugbywedstryde op skool.
- Kunstige patrone wat studente op papier teken wanneer die aanbieding van dosente in die klas vir hulle vervelig raak.

Deesdae hou patrone vir my veral verband met geloofsdissiplines wat ek probeer vestig om daaglik met God te verkeer en te kommunikeer. Patrone laat my dink aan herhaling en inoefening, aan kreatiwiteit en skoonheid, aan orde en gedissiplineerdheid. Ek en my vrou Therenah het twee seuns. Ek is seker hulle sou vanoggend sê die woord "patrone" laat hulle aan hulle pa dink ... en dan sal hulle begin lag. Want toe hulle nog kinders in die huis was het ek dit tot vervelens toe by hulle ingeprent dat keuses en besluite patrone vorm wat uiteindelik die pad word wat jy loop. Keuses en besluite gee rigting. En patrone wat vestig raak al moeiliker om te verander. Ek word wat ek besluit. Soos ek sê, my woorde het vir ons seuns selfs 'n lagwekkende patroon geword...

Wat is die lewens rigtende patrone in jou lewe?

|

Die Boek Rigters wys juis 'n patroon uit wat in die lewe van Israel gevestig het nadat hulle in die Beloofde Land Kanaän aangekom het. In *Die Bybel A-Z beskryf* Prof Hendrik Bosman, ons dosent in Ou Testament op Stellenbosch, die patroon wat in die Rigtersboek sigbaar word as volg: "... die mense val telkens vas in die kringloop van sonde en straf. Daarom moet God telkens ingryp deur 'n rigter te stuur om Israel uit die verknorsing te red." Die beginpunt van die patroon in Israel se lewe was telkens hulle ongehoorsaamheid aan God. Hulle het God verlaat om die gode van hul omgewing te dien...

Ons hoor in Rigters 1:4 hoe hierdie patroon nogeens herhaal word: ná Ehud se dood het die Israeliete weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here... Ja, patrone maak van ons slawe.

Voor sy dood het Josua die volk by Sigem laat saamkom (Josua 24) en hulle opgeroep om te kies wie hulle wil dien: die afgode wat hul voorouers anderkant die Eufraat en in Egipte gedien het of die gode van die omringende volke waar hulle nou woon aan die een kant, of

God wat hulle uit Egipte uit die slawerny uitgelei het aan die ander kant. Kies dan vandag wie julle wil dien, daag Josua die Israeliete uit.

Nadat die volk by herhaling onderneem het om God alleen te dien, sluit Josua daardie dag namens die volk 'n verbond, en lê vir hulle vaste voorskrifte en bepalings neer. Josua het toe ook vir die volk gesê: "julle is getuies teen julleself, dat julle self die Here vir julle gekies het om te dien..." En daarop het die volk geantwoord: "Ons sal net die Here ons God dien en ons sal net na sy stem luister..."

Maar in die nuwe land het die ou patrone teruggekeer... Ons moenie die krag en invloed van gewoontevormende patrone onderskat nie...

II

Die tweede woord wat die Rigtersboek by my oproep is die woord "omgekeerd" of agterstevoor... In die Rigtersboek beskryf die woord "omgekeerd" of "onderstebo" of "agterstevoor" die konteks waarbinne die gebeure van die Rigters tydperk afspeel. Die gedagte van omgekeerd of agterstevoor word by my opgeroep deur die laaste vers van die boek (24:25): "*In daardie tyd was daar geen koning in Israel nie; elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë.*"

Om te verstaan waaroor die boodskap van die Rigtersboek gaan moet ons eintlik die verhaal by die laaste vers van die boek begin lees. Ons moet van agter af lees, in omgekeerde orde. Omdat elkeen gedoen het wat hy/sy wou was daar by die volk van die Here geen herinnering aan die geloofsdissiplines wat God van hulle verwag het nie. Die vaste voorskrifte en bepalings wat Josua met die verbond hernuwing by Sigem neergelê het, is telkens deur die keuses en besluite van die volk verdring. In plaas van patrone wat pas by God se voorskrifte is hul godsdienstige patrone ontwikkel en gevorm deur die gangbare gees van die tyd, om net te doen-wat-ek-wil. So is God se wil omgekeer en is die volk se optrede deur agterstevoor patrone beheers...

Dit sal ons daarom help om die Rigtersboek van agteraf te lees sodat ons nie net die Israeliete se optrede beter verstaan nie, maar ook insig kry in ons eie patrone en leefwyse vandag. In daardie tyd ... [het] elkeen gedoen wat reg was in sy eie oë. Dit klink so na 'n beskrywing van die 2020 tydsgees...

Ons wêreld is onderstebo omdat ons ook net doen wat reg is in ons eie oë. Dink maar aan die selfgenoegsame uitsprake van politieke leiers soos president Trump van Amerika, en Ace Magashule van die ANC. Hulle wek die indruk dat hulle die finale en ewige gesag het...

III

Dit bring my dan by die derde woord waaraan die Rigtersboek my laat dink het, die woord "karakters". Natuurlik sluit hierdie woord en die figure waarna dit verwys ook aan by die patroon wat in die Rigtersboek werksaam is. Soos ek aangedui het is die beginpunt van die patroon in die Rigtersboek die optrede van Israel. Israel is die kollektiewe karakter wat ongehoorsaam word aan God.

Hulle ongehoorsaamheid gee dan aanleiding daartoe dat 'n tweede kollektiewe karakter na vore tree as Israel oorgegee word aan 'n heidennasie wat hulle vir 'n tyd lank onderdruk. In Rigters 4 is hierdie onderdrukkende karakter, Jabin, koning van Kanaän wat in Gasor regeer het. Die karakter met die naam Sisera was die bevelvoerder van die leër van hierdie spesifieke heidennasie.

Volgens die skrywer van die Rigterboek was dit God wat Israel in die hand van die heidennasie oorgegee het. God reageer op Israel se ontrou deur hulle aan hulleself oor te gee. God laat toe dat hulle doen-wat-elkeen-wil – soos die tydsgees hulle lei.

En wanneer dit so sleg gaan met Israel wat onderdruk word roep die volk doelbewus 'n volgende karakter in vir uitkoms. Die derde been van die patroon van Israel se godsdienstige afvalligheid was dat hulle vir God ingeroep het om te help om die las van die onderdrukker af te werp. Nou word God weer vir hulle 'n aktiewe en handelende karakter in hulle lewe.

IV

In die vierde been van die patroon wat in die Rigtersverhaal uit die verf kom tree God as redder na vore deur 'n rigter aan te wys om die volk uit die krisis te lei. God roep en gebruik mense om sy heerskappy in ons wêreld te vestig. God identifiseer menslike karakters onder ons om in 'n bepaalde historiese moment as sy verteenwoordiger onder die mense op te tree en sy koninkryk uit te brei.

En, God doen dit op 'n duisend verskillende maniere.

Ons kan God se patroon van optrede in die wêreld en geskiedenis nie voorspel of manipuleer nie. Ons kan hoogstens ná die tyd terug kyk en sê: Ja, voorwaar, God het dit weer gedoen... God is waarlik by ons...

God se handeling as karakter in ons lewensverhaal vervul ons eenvoudig net met verwondering. Hy verras ons keer op keer. God is altyd meer en groter as wat ons oor Hom kan dink.

V

In die verhaal van Rigters 4 gebruik God drie karakters om die Israeliete uit die mag van die koning van Kanaän te bevry. God gebruik in hierdie verhaal twee vroue en 'n man om die patroon van Israel se afvalligheid te deurbreek en uitkoms vir sy verbondsvolk te bewerk.

God verskyn aan Debora, die profetes rigter wat by die palm van Debora gesit het, sodat die volk na haar kon kom vir raad en beslissings. Debora hoor God se wil vir Israel en ontbied vir Barak om hom mee te deel dat God hom roep om in hierdie tyd vir Hom 'n werk te doen. Uiteindelik stem Barak in om te doen wat God vra, maar stel as voorwaarde dat Debora saam met hom moet optrek. Debora vind Barak se versoek aanneemlik, maar kondig aan dat 'n ander karakter as hy wat Barak is uiteindelik die eer sal ontvang vir die bevryding van Israel uit die hand van koning Jabin van Kanaän. Debora het vir Barak gesê (vers 9): *“Ek sal*

beslis met jou saamgaan. Dit sal egter nie tot jou eer strek op die pad waarop jy gaan nie, want in die hand van 'n vrou sal die Here Sisera oorlewer."

In vers 13 van Rigters 4 kom die karakter met die naam Jael dan te voorskyn. Uiteindelik maak Jael vir Sisera, bevelvoerder van koning Jabin, dood met 'n tentpen. Die Nederlandse predikant Oepke Noordmans beskryf Jael as 'n ster wat uit haar baan beweeg (5:20)

Maar kyk wat doen Jaël nou? Jaël word as eksplosiewe persoonlikheid geteken, sy word in Debora se lied 'n indompeling in die menslike geskiedenis in. Hoe kan hierdie daad verduidelik word, vra hy. Deur dit te vergelyk met die Evangelie van Jesus Christus wat 'n "indompeling" in die geskiedenis is!

Hy vra: Is die Evangelie nie ook 'n "ontploffing" nie?

Vers 23 van Rigters 4 getuig dan dat God uitkoms vir Israel gegee het: *"So het God op daardie dag vir Jabin, die koning van Kanaän, die knie laat buig voor die Israeliete."*

God verras die mens. God keer ons verwagting van Hom op die kop. God hou nie op om op ons hulpgeroep te reageer nie.

In my werk by die Seminarium van die NGK by die Fakulteit Teologie in Stellenbosch begelei ek mense wat daarvan getuig dat God hulle tot bediening in die NGK en God se koninkryk geroep het. Dit is die wonderlikste voorreg om met hierdie mense te werk en die verhare te hoor van God wat mense roep, stuur en in sy diens gebruik. Ek sou graag by geleentheid meer hieroor met julle wou praat...

Op hierdie punt wil ek net eers beklemtoon dat God in die verhaal van Rigters 4 sy wil aan Debora openbaar en dat Hy mense gebruik om sy plan uit te voer. Ons moet hieraan vashou. God openbaar God se wil aan mense. God gebruik mense in sy diens...

VI

Ek wonder of julle 'n boodskap van God vir julle in hierdie verhaal hoor? Rigters 5:1 vertel van Debora en Barak se reaksie nadat God vir Jabin, die koning van Kanaän, die knie laat buig het voor Israel: *"Op daardie dag het Debora en Barak, seun van Abinoam, gesing.."* En dan volg die pragtige Lied van Debora in Rigters 5...

Kom ons reageer ook op God se Woord aan ons vanoggend. Laat ons ons geloof in die Drie-enige God bely, dié God wat ook ons hulpgeroep hoor.

Amen

Dr Eddie Orsmond.